

Saterdag 18 Maart

Skrifgedeelte: 1 Samuel 16:1-13; Openbaring 5:9-14

Fokusgedeelte: 1 Samuel 16:13; Openbaring 5:13b

God voer sy verlossingsplan uit: Jesus Christus is die Ewige Koning uit die geslag van Dawid

Die Here het deur Samuel Israel se tweede koning aangewys. Dawid, die jongste van sy gesin, was die een oomblik nog 'n skaapwagter, maar in die volgende oomblik as Israel se tweede koning gesalf. Die Gees van die Here het van daardie dag af kragtig in Dawid gewerk. Die Here het Dawid met die gawes toegerus om oor Israel te regeer. Dawid was steeds net 'n mens met sondes, maar die verskil is dat hy sy sondes aan die Here bely het en vergifnis ontvang het.

Die Here het aan Dawid belowe dat Hy een uit Dawid se geslag koning sal maak, dit is Salomo, maar nog meer, dat sy koningshuis en sy troon vir altyd sal vas staan (2 Sam. 7:9-19). In Jesaja 9:1-7 word die belofte herhaal dat die Seun wat gebore word, op die troon van Dawid sal sit en vir altyd sal regeer. Hierdie profesieë van die Ou Testament word met die geboorte van Jesus Christus 'n werklikheid (Luk. 2:11).

As Lam is Jesus Christus in ons plek geslag. Hy is namens ons gekruisig en het vir ons uit die dood opgestaan! Saam met Openbaring 5:13b roep ons uit: *“Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam, behoort die lof en die eer, die heerlijkheid en die krag, tot in alle ewigheid!”*

Ja, die Here bring in Koning Jesus 'n nuwe volk van God bymekaar wat sy koninkryk vorm tot in ewigheid. Elkeen wat in Jesus Christus glo, is deel van sy ewige koninkryk. Jy en ek is deel van God se Koninkryk! God span jou in om as burger van sy koninkryk 'n verskil te maak sodat ander mense ook die voorreg kan smaak om deel van sy koninkryk te word.

Sing Skrifbelyning 5-3:1, 4, 5

Ds. J van Schaik (Joop) (Randburg)